



Ons vermeerder God se vreugde!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

21 April 2022

Gedagte vir die week:

Moontlik en onmoontlik! Wie sal weet?

Vertrekpunt:

Handelinge 9:1-31

Meditasie uit die Woord:

Ons lees tans die tweede van drie wonderlike ontmoetingsverhale in Handelinge 8,9 en 10. Al drie hierdie ontmoetingsverhale vertel elkeen hoe twee totale vreemdelinge vanweë Goddelike ingryping lewensveranderend betrokke raak in mekaar se lewens. In Handelinge 8 vind die uitsiglose ontmande Ethiopiër nuwe blydschap via Filippus. In Handelinge 9 ervaar Saulus 'n radikale transformasie via Ananias. Wanneer hy van Ananias vertrek praat hy 'n nuwe lewenstaal, doen hy ander dinge, het hy 'n nuwe doel en 'n nuwe agenda. In die verlede het hy vrees ingeboesem en het die vroeë Christene hom vermy, maar nou ontvang hulle hom met vrymoedigheid en red hulle hom selfs wanneer hy, soos hulle, bedreig word! Hierdie verhale klink natuurlik té goed om waar te wees, maar dit is omdat God betrokke is. Vandag nog is daar sulke "onmoontlike" verhale. Ek het deur my bediening die voorreg gehad om eerstehands daarvan te hoor en soms dit eerstehands te ervaar. Ek dink nou sommer onwillekeurig aan Michael Hills van George, Boesman Keyser van Heidelberg K.P. en aan Ertjies Olivier van Cradock wat openlik getuig van hulle "onmoontlike" verhale. Ek onthou ook die "onmoontlike" ware verhaal van Chuck Colson wat jy sommer op Google kan soek en lees. Jy sien, as 'n mens God ken en in berekening bring, en hou, dan gebruik 'n mens nie sommer die woord "ontmoontlik" nie. Die grootste gevaar is natuurlik dat 'n mens dit vir jou rekening wil neem ... dat jy daarvoor geroem wil word ... dit is seker hoekom Filippus skielik verdwyn het nadat sy ingrepe klaar was en dit is seker hoekom Saulus (Paulus) nie by Ananias bly nie. Geen roem vir hulle nie. Soli Deo Gloria ... aan God alleen die eer vir alles! Moontlik en onmoontlik! Wie sal weet? Daarom is dit altyd té vroeg om moed te verloor vir enige iemand. Daarom is alle mense onafskryfbaar! Ook ek en jy! Genadiglik!

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 24 April 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek **in die kerkgebou**. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by https://youtu.be/wg_E8g55uKY

Meditasie uit die Lewe:

Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se identiteit. Dit is 'n dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

Huisbesoek	Huisbesoek deur die gemeenteleraar geskied op versoek. Van die leraar word verwag om dit te doen so gou as moontlik nadat die versoek gerig is. Van die leraar word verwag om die inhoud van alle gesprekke vertroulik te hanteer. Huisbesoek mag nie misbruik word as 'n bemarkingsgeleentheid of as 'n visvangery van ander geloofsgemeenskappe se lidmate nie. Ons besoek selfs nuwe intrekkers nêr op versoek, want ons leef nie meer in 'n era van NGK dominansie en arrogansie nie.
------------	---

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**